

# Maandag 16 Augustus

Skrifgedeelte: Job 22:1-5

Fokusgedeelte: Job 22:2

## **Geloof vestig die oog op die einddoel van ons bestaan**

Wat is die waarde van geloof? Is geloof jou waarborg vir 'n lewe sonder probleme en gebreke? In Job 22 praat Elifas weer in die derde rondte van die gesprekke. Hy word nou venynig. Hy het by Job innige verbondenheid aan God opgemerk. In sy vriende se teenwoordigheid het Job getuig dat sy Verlosser leef. Elifas trek die waarde van daardie vroomheid in twyfel: "Kan 'n mens vir God tot nut wees? Het die Almagtige daarby belang dat jy regverdig is?" Job moet hom dus nie verbeeld dat hy daarmee iets by God sal bereik nie. Hy kry net so swaar soos ander wat nie glo nie.

Is hierdie mening korrek? Is daar nut daarin om aan God vas te hou as ons moet hoor: "Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak" (Matt. 24:9)? Moet ons eerder sê: "Laat ons eet en drink en die lewe geniet, want môre sterf ons?"

Geloofsantwoorde moet hierdie aanvegtinge antwoord. Die Bybel sê dat die wêreld nie die eindpunt van ons bestaan is nie. Ons aardse lewe is 'n tentwoning wat afgebreek sal word, maar gelowiges het 'n vaste gebou in die hemel (2 Kor. 5:1). Daarom lees ons van gelowiges wat uitgesien het na die stad met vaste fondamente, waarvan God self die ontwerper en bouer is (Heb. 11:10). In geloof het hulle gedoen wat God van hulle gevra het sonder om te verwag om die vrug van hulle werk dadelik te sien (Heb. 11:7).

Hulle het geweet dat as 'n mens nie glo nie, dit onmoontlik is om te doen wat God vra. Elifas, daar is waarde in geloof. Gelowiges kyk nie net na hier en nou nie. Hulle kyk op, hulle sien Jesus aan die regterhand van die Vader (Kol. 3:1). Hulle sien die voleinding raak. Hulle hoor die woorde van Openbaring 7: "Hierdie mense met die wit klere aan, wie is hulle en waar kom hulle vandaan?" "Ek weet nie, Meneer," sê ek vir hom, "maar ú weet." Hy sê toe: "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam".

Gelowige, mag geen bespotting, swaarkry of beproewing u hierdie heerlijkheid laat vergeet nie.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Dr. D Lartz (Deon) (Edenvale)*